## The Elixer *by George Herbert*

TEACH me, my God and King,
In all things Thee to see,
And what I do in anything,
To do it as for Thee.

Not rudely, as a beast,
To run into action ;
But still to make Thee prepossest,
And give it his perfection.

A man that looks on glass,
On it may stay his eye,
Or, if he pleaseth, through it pass,
And then the heav'n espy.

All may of Thee partake ;
Nothing can be so mean
Which with this tincture (for Thy sake)
Will not grow bright and clean.

A servant with this clause
Makes drudgery divine :
Who sweeps a room as for Thy laws,
Makes that and th' action fine.

This is the famous stone
That turneth all to gold ;
For that which God doth touch and own
Cannot for less be told.

**Genade en vrede**

Franziska Andrag-Meyer (V.D.M)

NG KERK SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# *Huis tot huis*

**Jou Priesterskap** **2de Kwartaal 2026**

Tussen Paasfees en Pinkster nooi ek jou om na te dink oor jou eie priesterskap. In die gereformeerde tradisie glo ons dat elke gelowige ingedoop is in Jesus Christus en daarom deel het aan sy amp. Later die jaar gaan ons ook gesels oor jou profetiese— en koninklike amp.

'n Amp is 'n roeping of spesiale diens wat God gee. Jou amp is jou opdrag is, gesag en verantwoordelikhede.

Dalk lees jy hierdie woorde en dink dit gaan eintlik by die ampte net oor die amptelike/besonderse ampte wat ons vandag het: ouderling, diaken en dominee/leraar. Ons glo egter dat alle gelowiges in Christus ingedoop is en daarom sy taak en roeping ook as hul eie ontvang. Ons sterf wel nie vir ander en staan vir hulle uit die dood op nie, maar ons bedien die vrug van daardie werk van Jesus aan ander.



# *Die Amp van priester*

Die priesterlike amp het as kern waarde dat dit verhoudings tussen mense en tussen God en mense verander. Dit omarm vreemdelinge, maak van vyande vriende, verander die behoefte aan vergelding in vergewensgesindheid, beweeg van diskriminasie na die menswaardigheid van alle mense. Dit sorg, dit genees en dit doen daadwerklik iets aan armoede en nood.

Ja, dit is wat diakens spesifiek in die kerk doen, maar onthou die diaken is net daar om die gemeente te help om hulle dienswerk te doen. Dit is ons almal se taak en roeping. Die Bybelse priester lyk so:

- Die priester gaan na God toe namens ander mense. Dit beteken ons doen voorbidding vir ander.
- Tradisioneel was die sentrale taak van die priester ook om offers te bring en dus versoening te help bewerkstellig. Dus gaan dit oor skuld, vergifnis en die herstel van verhoudings.
- Die priester onderrig die volk en help hulle om God se wil te ken. As gelowiges soek ons ook voortdurend om God se wil te ken en leer ons mekaar deur mekaar te ondersteun om die regte ding te doen.
- Die priester seën mense. Ons dra God se guns en vrede oor aan ander.
- Priesters moes anders leef en so in hul lewens wys wie God is.

**1 Petrus 2:4-5**

*"Kom na Hom toe, die lewende klip, wat wel deur mense afgekeur is, maar voor God uitverkore, en vir Hom kosbaar is; 5en laat julle as lewende klippe opbou tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat, deur Jesus •Christus, vir God aan-neemlik is."*

**Dink biddend na oor jou lewe:**

Waar en hoe bou jy op Jesus as hoeksteun?

Hoe is jy self 'n bousteen in God se huis? Hoe skakel jy in en help jy bou?

Hoe lyk jou "geestelike offers"? Lees weer die lys hier langsaan deur en vra jouself by elke punt waar dit in jou lewe 'n werklikheid is.